



INHOUD

1. Voorsittersverslag
2. Bestuur van die Fonds
3. Aktuariële waardasie – 1 Januarie 2019
4. Beleggings van die Fonds
5. Beleggingsbeleid
6. Belê vir die lang termyn
7. Elektroniese voordeel- en projeksiestate
8. Addisionele vrywillige bydraes (AVB's)
9. Koste van risikovooredele
10. Sanlam se aftreefonds-webwerf en app (toep) – jou toegang tot USAF
11. Finansiële advies beskikbaar vir lede van 53 jaar en ouer
12. Die diensverskaffers van die Fonds
13. Belangrike kontakbesonderhede

I. Voorsittersverslag

Die afgelope jaar het uitdagings ingehou ten opsigte van stadige ekonomiese groei – plaaslik sowel as internasionaal. Die stadige plaaslike ekonomiese groei kan toegeskryf word aan die beurtkrag wat deur Eskom toegepas is, beleidsonsekerheid en voortslepende korrupsie, terwyl wêreldwye onsekerheid veroorsaak is deur die handelsoorlog tussen die VS en China, en Brexit. Vir Suid-Afrikaanse beleggers was 2019 egter heelwat beter, terwyl die meeste van die groot bateklasse goeie opbrengste behaal het vir die jaar. Die uitwerking hiervan kan in die beleggingsopbrengste van die Groeiportefeulje gesien word.

Ons sê graag dankie aan die lede wat in die laaste kwartaal van 2019 aan die verkiesing van trusteelede deelgeneem het. Baie dankie aan die uittredende trustees, prof. Viviers en mnr. Burrows, vir al hul bydraes oor die jare, wat van groot waarde was in die bestuur en bedryf van die Fonds. Ons rig ook 'n spesiale welkomswoord aan die pas verkose lidtrustees, prof. Pillay en mnr. Bermosky, asook die pas verkose sekondus-lidtrustee, prof. Ajam.

Een van die belangrikste faktore wat lede se aftree-uitkoms beïnvloed, is hul bydraes tot hul aftreefonds. Addisionele vrywillige bydraes (AVB's) kan lede weer op koers bring na 'n gerieflike aftrede. Lees meer oor die impak van AVB's in Afdeling 8.

Die Fonds se aktuaris het gedurende die jaar die jaarlikse aktuariële waardasie van die Fonds soos op 1 Januarie 2019 gedoen. Die resultate het getoon dat die Fonds vir die oorsigtydperk 'n gesonde finansiële posisie gehandhaaf het.

Die Raad van Trustees bly steeds op die bestuur van koste gefokus, sodat 'n groter gedeelte van lede se bydraes aan die aftreekomponent toegeken kon word. As deel van die jaarlikse markontleding van die risikovooredele se koste, kon ons 'n klein besparing verkry.

Groete

Prof. Niel Krige
Voorsitter



2. Bestuur van die Fonds

USAF se Raad van Trustees bestaan uit vyf werkgewer- en vyf werknemertrustees. Die ampstermyn van die trustees is drie jaar. Gedurende die tweede helfte van 2019 is lede die geleentheid gegee om vyf lidtrustees te kies om hulle in die Raad van Trustees te verteenwoordig.

Die volgende trustees is deur die werkgewer aangestel:

Naam	Hoedanigheid	Agtergrond	Huidige ampstermyn verstryk
Prof. Niel Krige	Voorsitter en Werkgewer trustee	Prof. Krige is buitengewone professor by USB en dien sedert 18 November 2005 as 'n trustee.	17 November 2020
Prof. Johann de Villiers	Werkgewer-trustee	Prof. De Villiers is 'n professor in die Departement Besigheidsbestuur en dien sedert 1 November 2000 as 'n trustee.	31 Oktober 2021
Mnr. Manie Lombard	Werkgewer-trustee	Mnr. Lombard is Hoofdirekteur: Finansies en dien sedert 5 Mei 2011 as 'n trustee.	4 Mei 2020
Mnr. Victor Mothobi	Werkgewer-trustee	Mnr. Mothobi is Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne en dien sedert 1 Januarie 2018 as 'n trustee.	31 Desember 2020
Mnr. Johan van der Merwe	Werkgewer-trustee	Mnr. Van der Merwe dien as die mede-uitvoerende hoof van African Rainbow Capital en 'n direkteur in die direksies van verskeie maatskappye en is sedert 5 Februarie 2019 'n trustee.	4 Februarie 2022

Die verkose lidtrustees is:

Naam	Hoedanigheid	Agtergrond	Huidige ampstermyn verstryk
Mnr. Ché Bermosky	Lidtrustee	Mnr. Bermosky is 'n regsadviseur by die Universiteit en het sedert 1 Januarie 2018 as 'n sekondus-trustee gedien. Mnr. Bermosky is nou 'n volwaardige lidtrustee.	7 Desember 2022
Mnr. Peter Kirsten	Lidtrustee	Mnr. Kirsten is werksaam in die Vergoeding- en Voordele-afdeling van die Departement Menslike Hulpbronne en dien sedert 7 Desember 2016 as 'n trustee.	7 Desember 2022
Prof. Pregala Pillay	Lidtrustee	Prof. Pillay is 'n professor by die Skool vir Publieke Leierskap en is op 7 Desember 2019 as 'n werknemertrustee verkies.	7 Desember 2022
Prof. Wikus van Niekerk	Lidtrustee	Prof. Van Niekerk is Dekaan van Ingenieurswese by die Universiteit van Stellenbosch en dien sedert 7 Desember 2013 as 'n trustee.	7 Desember 2022
Prof. Johan van Rooyen	Lidtrustee	Prof. Van Rooyen is 'n medeprofessor in die Departement Besigheidsbestuur en dien sedert 7 Desember 2010 as 'n trustee – aanvanklik as 'n sekondus-trustee en later as 'n volwaardige trustee.	7 Desember 2022
Prof. Tania Ajam	Sekondus-lidtrustee	Prof. Ajam is 'n professor by die Skool vir Publieke Leierskap en is op 7 Desember 2019 as 'n sekondus-lidtrustee verkies.	7 Desember 2022

Mnr. Japie Kotzé, 'n direkteur in die Departement Menslike Hulpbronne, is sedert 1 Desember 2012 die hoofbeampte van die Fonds.

3. Aktuariële waardasie – 1 Januarie 2019

Die Fonds se aktuaris het gedurende die jaar die jaarlikse aktuariële waardasie van die Fonds soos op 1 Januarie 2019 gedoen. Die resultate het getoon dat die Fonds vir die oorsigtydperk in 'n gesonde finansiële posisie verkeer het. Die Fonds se bates was toereikend om lede se fondswaardes asook die verskillende reserwes teen 'n befondsingsvlak van 100.05% te dek. Die aktuaris het bevestig dat die Fonds se beleggingstrategie steeds toepaslik is ten opsigte van die Fonds se lidmaatskapstruktuur en die verwagte termyn van die Fonds se verpligtinge. Die aktuariële waardasie is deur die Raad van Trustees goedgekeur en by die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor (FSCA) ingedien.

4. Beleggings van die Fonds

USAF bied jou 'n lewensfase-beleggingsportefeulje as verstekkeuse, waar jou geld in die Groeiportefeulje belê word totdat jy ouderdom 60 bereik. Vanaf ouderdom 60 word lede se geld outomaties uit 'n hoëgroei-/hoërisiko-portefeulje in 'n laegroei-/laerisiko-portefeulje ingefaseer oor 'n tydperk van ses jaar.

Volgens hierdie strategie word die fondswaarde vanaf 1 Januarie in die jaar waarin die lid 60 jaar oud word, uit die Groeiportefeulje na die Aggressiewe en Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeuljes oorgeplaas in gelyke dele, by wyse van 25 kwartaallikse oordragte. Dit sal tot gevolg hê dat die fondskrediet op die normale aftreedatum in gelyke dele (50/50) in die twee Absolute Opbrengsportefeuljes gehou word.

Afgesien van die verstek-beleggingstrategie, bied USAF ook ander beleggingsopsies aan lede vanaf ouderdom 53. Lede kan uit vyf beleggingsportefeuljes kies, naamlik:

- Groeiportefeulje (die verstek-beleggingsportefeulje tot ouderdom 60);
- Multi-bestuurde Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje;
- Multi-bestuurde Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje;
- Kapitaalbeskermingsportefeulje; en
- 'n Portefeulje wat verskansing teen rentekoersskommeling bied.

USAF bied ook aan lede wat hul fondskrediet volgens Islamitiese beginsels wil belê, die keuse om in die Old Mutual Albaraka Balanced Shari'ah Portfolio te belê. Lede wat kies om in die Shari'ah-portefeulje te belê, kan nie terselfdertyd aan die lewensfase-beleggingstrategie deelneem nie. Lede kan egter op enige tydstip uit die Shari'ah-portefeulje na die lewensfase-beleggingstrategie terugskuif.

Die Raad van Trusteë monitor en evalueer deurlopend USAF se beleggingstrategie. Hierdie proses behels onder meer dat die beleggingsportefeuljes, strategiese batetoewysing asook die prestasie van al die onderliggende batebestuurders geëvalueer word.

Raadpleeg asseblief 'n geakkrediteerde finansiële adviseur as jy van die beleggingsopsies op die lys hierbo wil benut.

'n Opsomming van die Groeiportefeulje se opbrengste tot 31 Desember 2019 verskyn in die tabel hieronder:

Tydperk	Groeiportefeulje	Portuurgroep-topkwartiel*	Inflasie plus 5%
12 maande	12.5%	12.9%	9.0%
36 maande	7.2%	7.0%	9.4%
60 maande	7.7%	6.8%	10.0%

*Die portuurgroep-topkwartiel bestaan uit die beleggingsbestuurders wat driekwart van hul portuurgroep oortref het. Die portuurgroepmaatstawwe word van die Willis Towers Watson Industry Median opname afgelei.

Dit is belangrik om te onthou dat spaar vir aftrede 'n langtermynbelegging is. Moet dus liewer nie te veel op korttermyn-beleggingsopbrengste fokus nie. Dit is egter verblydend om te sien dat die Groeiportefeulje die portuurgroep-topkwartiel oortref het oor die metingstydperke van drie en vyf jaar tot 31 Desember 2019.

Vir meer inligting oor die opbrengste wat deur die onderliggende portefeuljes behaal is, besoek gerus <http://www.retirementfundweb.co.za>

Die tabel hieronder gee 'n opsomming van die opbrengste (na aftrekking van fooie) van USAF se ander portefeuljes soos op 31 Desember 2019:

'n Opsomming van die Groeiportefeulje se opbrengste tot 31 Desember 2019 verskyn in die tabel hieronder:

Portefeulje	Aanvangsdatum	Opbrengs oor 12-maandetydperk	Inflasie oor 12-maandetydperk	Opbrengs sedert aanvang (p.j.)	Inflasie sedert aanvang (p.j.)
Aggressiewe Absolute	01/02/2017	14.7%	4.0%	7.5%	4.3%
Konserwatiewe Absolute	01/02/2017	11.1%	4.0%	8.1%	4.3%
Kapitaalbeskerming	01/04/2009	8.4%	4.0%	7.5%	5.1%
Shari'ah	01/12/2017	8.9%	4.0%	4.5%	4.3%

5. Beleggingsbeleid

USAF se Beleggingsbeleidsverklaring is in 2019 hersien en herskryf. Die nuwe Beleggingsbeleidsverklaring bestaan uit twee afdelings, naamlik Grondbeginsels en Implementering. In die afdeling Grondbeginsels word meer besonderhede verskaf oor die Fonds se missie, die kernbeleggingsienings wat deur die Raad van Trustees aanvaar is, die beleggingsmodel, portefeuljiesamestelling, keuring van bestuurders, keuse van indekse (maatstawwe), omgewings-, maatskaplike- en bestuursbeleid (OMB-beleid), foobeginsels en belangebotsings. Die afdeling Implementering verskaf meer besonderhede oor elk van die Fonds se lidbeleggingskeuse-portefeuljies asook die lewensfase-model.

Dit is belangrik om daarop te let dat sekere veranderings aan die beleggingsdoelwitte van die onderliggende beleggingsportefeuljies aangebring is. Die vernaamste veranderings aan die onderskeie beleggingsdoelwitte was die volgende:

1. Verandering van die onderskeie portuurgroepe;
2. Instelling van 'n sekondêre reële opbrengsdoelwit;
3. Instelling van 'n derde opbrengsdoelwit wat die Verwysingsportefeulje genoem word. Dit is 'n saamgestelde passiewe portefeuljemaatstaf om op objektiewe wyse te bepaal of die aktiewe bestuurders waarde toevoeg; en
4. Verandering van die metingstydperk van die beleggingsdoelwit (voortaan sal daar slegs langertermyn-metingstydperke vir die onderskeie beleggingsdoelwitte wees).

Hieronder is 'n kort opsomming van die beleggingsdoelwitte van elke beleggingsportefeulje:

Portefeulje	Primêre doelwit	Sekondêre doelwit	Verwysingsportefeulje (sien die betrokke inligtingsbladsy of beleggingsbeleidsverklaring vir die samestelling daarvan)
Groeiportefeulje	Behaal 75 ^{ste} persentiel-prestasie met betrekking tot die "Internasionale Gebalanseerde" portuurgroep soos verteenwoordig deur die <i>Willis Towers Watson Industry Median Survey</i> (voorheen die <i>Alexander Forbes Best Investment View Survey</i>) oor 'n metingstydperk van vyf jaar.	Lewer 'n reële opbrengs van 5% p.j. na aftrekking van fooie oor deurlopende 7-jaartydperke.	Teikenprestasie bo die Verwysingsportefeulje is 1% p.j. na aftrekking van koste oor tydperke van sewe jaar en langer.
Aggressiewe Absolute Portefeulje	Lewer 'n reële opbrengs van 6% p.j. na aftrekking van fooie oor deurlopende 3-jaartydperke.	Vermyn kapitaalverlies oor enige 24-maandetydperk.	Teikenprestasie bo die Verwysingsportefeulje is 1% p.j. na aftrekking van fooie oor tydperke van sewe jaar en langer.
Konserwatiewe Absolute Portefeulje	Lewer 'n reële opbrengs van 3% p.j. na aftrekking van koste oor deurlopende 3-jaartydperke.	Vermyn kapitaalverlies oor enige 12-maandetydperk.	
Kapitaalbeskermings-portefeulje	Lewer 'n reële opbrengs van 1.5% p.j. na aftrekking van fooie oor enige 12-maandetydperk.		Teikenprestasie bo die Verwysingsportefeulje is 0.75% p.j. na aftrekking van fooie oor enige 12-maandetydperk.
Shari'ah-portefeulje	Presteer in ooreenstemming met Verwysingsportefeulje oor deurlopende 3-jaartydperke.	Lewer 'n reële opbrengs van 4% p.j. na aftrekking van koste oor enige 5-jaartydperk.	

Nota: Reële opbrengs is die opbrengs bo inflasie

6. Belê vir die lang termyn

Wanneer beleggingsmarkte onbestendig en onvoorspelbaar raak, kan dit aanloklik lyk om in laerisiko-beleggingsportefeuljes te belê. Hierdie opsie het sy nadele, soos die risiko om nie met inflasie tred te hou nie. Een van die belangrikste aspekte om ten opsigte van belegging te oorweeg, is die tydhorison van die belegging.

Spaar vir aftrede is 'n langtermynbelegging. Jou geld sal oor baie jare belê word voordat jy die kontant nodig het. Beleggings met medium tot hoë groeipotensiaal en matige tot hoër risiko behoort dus oorweeg te word.

Bateklasse wat aan hierdie vereiste voldoen, is die volgende:

(a) Genoteerde aandele

Hierdie bateklas sluit alle klasse genoteerde aandele in – plaaslike en internasionale genoteerde aandele, plaaslike en internasionale genoteerde eiendom, en genoteerde aandele van ontluikende en kleiner ontwikkelende markte. Die verwagte reële opbrengs van genoteerde aandele is tussen 4% p.j. en 7.5% p.j. oor die volgende tien jaar of wat, na gelang van die tipe genoteerde aandelebateklas. Hierdie verwagte opbrengste is heelwat hoër as die verwagte reële opbrengste van geldmarkinstrumente en die meeste vasterentebeleggings oor dieselfde tydperk.

Die besit van genoteerde of ongenoteerde aandele is die beste manier om blootstelling te kry aan en voordeel te trek uit 'n verskeidenheid menslike vernuwings en die mensdom se voorste idees. Een beperking is dat opbrengste op genoteerde aandele nog altyd onbestendig was, en na verwagting onbestendig gaan bly in die toekoms. 'n Belegging in genoteerde aandele sal waarskynlik met onstuimigheid gepaardgaan. Die verwagting is egter dat dit, wat opbrengste betref, een van die beste bateklasse is op die lang duur. USAF se beleggingsportefeuljes het in verskillende mate blootstelling aan hierdie genoteerde aandelebateklasse (let daarop dat die geldmarkportefeulje geen blootstelling aan aandele het nie).

(b) Ongenoteerde alternatiewe groeibates

Hierdie bateklas sluit privaat ekwiteit, ongenoteerde eiendomsbates en infrastruktuurbates in. Die reële opbrengste op hierdie ongenoteerde bates sal na verwagting hoog wees, en in sommige gevalle hoër as dié van genoteerde aandele – hoofsaaklik om beleggers vir die illikiditeit van die bates te vergoed. Illikiditeit verwys na die feit dat die bate nie maklik sonder waardeverlies verkoop of in kontant omgesit kan word nie, omdat daar minder beleggers is wat gewillig is om die bate te koop. Die waarde van hierdie ongenoteerde bates word gewoonlik ook eers met verloop van tyd ontsluit. Daarom sal 'n belegging in ongenoteerde bates gewoonlik oor 'n lang tydperk strek – dikwels vyf tot tien jaar.

Dit is 'n meer ingewikkelde bateklas in die sin dat daar gewoonlik minimum beleggingsvereistes vir beleggers is, beleggers word vir 'n spesifieke termyn in die belegging "vasgepen", en fooistrukture is gewoonlik ook ingewikkeld. USAF se beleggingsportefeuljes het nie op die oomblik blootstelling aan hierdie ongenoteerde bates nie. Die Raad van Trusteas is egter deurentyd besig om geleenthede in hierdie sektor te evalueer en sal beleggings aan ongenoteerde groeibates toeken wanneer die regte geleentheid ontstaan.

7. Elektroniese voordeel- en projeksiestate

USAF sal van vanjaar af beide voordeel- en projeksiestate elektronies via InfoSlips aan lede stuur. Lede sal toegang tot hul state kan verkry deur middel van 'n aanhangsel wat per e-pos aan hulle gestuur word. Die state word deur 'n wagwoord beskerm, wat jou identiteitsnommer of jou paspoortnommer sal wees. Harde kopieë van state sal nog steeds gelewer word aan lede wat nie toegang tot e-pos of die internet het nie.

Onthou, die projeksiestaat wat by jou voordeelstaat ingesluit is, is bloot 'n riglyn om die geraamde maandelikse pensioen soos op die normale aftredatum te bepaal. Daarom is dit belangrik dat jy eers 'n finansiële adviseur raadpleeg voordat jy enige besluite oor jou aftrede neem. Die werklike waarde van die maandelikse pensioen kan eers bepaal kan word wanneer die pensioen gekoop word. Let asseblief daarop dat die geraamde maandelikse pensioen uitgedruk word as 'n persentasie van jou maandelikse pensioengewende inkomste. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die pensioengewende inkomste wat vir die projeksies gebruik word, vir die meeste personeellede 75% van hul koste van indiensname beloop.

Die aannames waarop die projeksiestate berus, is dieselfde as dié wat deur die pensioenberekenaar (**Retirement Calculator**) op Sanlam se aftreefonds-webwerf (Retirement Fund Web) gebruik word.

Met die berekening van die geraamde pensioen by aftrede neem die projeksiestate van 31 Desember 2019 ook die na-aftrede mediese fondse-subsidie in ag waarvoor sommige lede kwalifiseer. Dit is 'n waardevolle voordeel en wys watter verskil dit aan jou aftreeprojekties maak.

Jou voordeelstaat bevestig jou fondswaarde soos op 31 Desember 2019 en jou aftreefondsbydraes vanaf 1 Januarie tot 31 Desember 2019, asook aftree-, sterfte- en ongeskiktheidsvoordele. Gaan asseblief die inligting op jou voordeelstaat na en kontak Mensehulpbronne se kliëntedienssentrum (+27 (0) 21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za) indien enige besonderhede op die staat nie korrek is nie.

8. Addisionele vrywillige bydraes (AVB's)

As 'n lid van USAF kan jy maandelikse AVB's of 'n enkelbedrag-AVB tot die Fonds lewer wanneer jy 'n bonus of verhoging kry. Dit is addisionele bydraes tot jou aftreefonds wat die werkgewer se betaalafdeling verhaal van jou salaris. AVB's stel jou in staat om jou aftreefonds te verhoog, en geen administrasiefout is daarop betaalbaar nie. Dit beteken dit kos jou niks om addisionele vrywillige bydraes tot USAF te lewer nie. Jy sal baat vind by die gunstige beleggingsfooie as gevolg van skaalvoordele wat met die kollektiewe grootte van die Fonds se belegging verkry word. Die AVB's sal in dieselfde beleggingsportefeulje as jou fondsbydraes belê word en verdien dus dieselfde beleggingsopbrengste. Jy sal dus voordeel trek uit stewige beleggingsopbrengste wat belastingvry is.

Bydraes tot aftreespaarprodukte is belastingaftrekbaar tot 27.5% van besoldiging of belasbare inkomste, wat ook al die grootte is, onderhewig aan 'n maksimum van R350 000 per jaar. USAF laat lede toe om tot 35% van pensioengewende salaris by te dra. Pensioengewende salaris is 75% van totale koste van indiensname en is dus nagenoeg dieselfde as 27.5% van besoldiging of belasbare inkomste soos deur die SA Inkomstediens toegelaat word.

Dit is baie belangrik om kennis te neem dat 'n AVB nie 'n depositorekening is wat op enige tydstip onttrek of weer aangevul kan word nie.

AVB's is ekstra bydraes tot jou aftrede en is dus eers beskikbaar wanneer jou fondsvoordeel aan jou betaalbaar word (by onttrekking, aftrede of sterfte). Let daarop dat AVB's deel van jou fondswaarde uitmaak en dat dieselfde reëls dus by onttrekking, aftrede of sterfte op AVB's van toepassing is as dié wat op die res van jou fondswaarde van toepassing is.

Onthou altyd dat spaar vir jou aftrede 'n langtermynplan is. Benut die voordeel van saamgestelde beleggingsopbrengste deur nooit jou aftreespaargeld in kontant om te sit voordat jy aftree nie. Aftrede lyk miskien ligjare ver, maar as jy elke maand net 'n bietjie ekstra wegsit in die vorm van 'n addisionele vrywillige bydrae, kan dit 'n groot verskil maak aan jou toekomstige pensioen.

Gebruik die pensioenberekenaar (**Retirement Calculator**) op Sanlam se aftreefonds-webwerf om te sien watter uitwerking jou bydraekoers, beleggingskeuse en aftree-ouderdom op jou pensioen sal hê wanneer jy die normale aftreedatum bereik, wat as jou geraamde pensioenverhouding uitgedruk word.

9. Koste van risikovooredele

Die Universiteit en USAF toets elke jaar die versekeringsmark met die doel om goedkoper versekeringspremies vir jou bestaande risikovooredele te verkry.

Momentum se tarief vir die versekerde Gade- en Kinderpensioendekking in USAF is verminder vir 2020. Hulle het ook 'n effens laer tarief vir Groeplewensversekering vir aktiewe lede aangebied.

Old Mutual se tarief vir die Begrafnisdekking is vir 2020 verminder, en hoewel die tariewe vir die nie-goedgekeurde Gadedekking en Ongeskiktheidsinkomstedekking effens gestyg het, is hulle nog steeds die mededingendste.

Die veranderinge het in die geheel gelei tot 'n maandelikse besparing van **2.8%** in die premies vir risikovooredele vir sommige lede.

ONTHOU!

As jy 'n enklid is wat nie 'n gade en/of kinders het nie, kan jy kies om nie die versekerde Gade- en Kinderpensioendekking in USAF te ontvang nie. Jy het ook die opsie om addisionele dekking van twee maal pensioengewende salaris deur die Groeplewensversekeringskema uit te neem.

Indien jy die opsie uitoefen om geen versekerde Sterftevoordeel in USAF te hê nie, en later wel trou en/of kinders kry, sal jy die versekerde Sterftevoordeel in USAF moet kies om te verseker dat daar na jou gade en/of kinders se behoeftes omgesien word indien jy te sterwe kom.

Kontak Mensehulpbronne se kliëntedienssentrum by +27 (0)21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za vir meer inligting oor hoe om hierdie opsies uit te oefen.

10. Sanlam se aftreefonds-webwerf en toep (app) – jou toegang tot USAF

Ons moedig jou aan om op Sanlam se aftreefonds-webwerf (Retirement Fund Web) en die Sanlam toep te registreer. Dit gee jou toegang tot jou persoonlike besonderhede, jy kan sien waar jou geld belê is en hoe die beleggingsopbrengste lyk, en jy kan ook jou jongste fondskrediet en risikovooredele nagaan – alles met die druk van 'n knoppie, 24 uur per dag en 7 dae per week. Die pensioenberekenaar (**Retirement Calculator**) kan jou help om uit te vind of jy genoeg vir aftrede spaar. Jy sal ook al jou versekerings- en spaarprodukte by Sanlam op een portaal kan nagaan.

Hoe kry ek toegang tot die Aftreefonds-webwerf (Retirement Fund Web)?

- Gaan na www.sanlam.co.za. Klik op Login (bo regs) en kies Secure Services.
- Kies "Register" en gebruik jou fondslidmaatskapnommer (wat op jou voordeelstaat verskyn) of jou identiteitsnommer.
- Bevestig jou selfoonnommer en e-posadres.
- Kies 'n gebruikerskode / gebruikersnaam.
- 'n Tydelike wagwoord sal na jou selfoon gestuur word.

Gebruik hierdie tydelike wagwoord om toegang te kry. Verander die tydelike wagwoord aangesien dit slegs een keer gebruik mag word.

Hoe kry ek toegang tot die toep?

Laai die **Sanlam My Retirement** toep van Google Play Store of Apple App Store af. Gebruik jou Sanlam Secure Services-gebruikerskode en -wagwoord om toegang tot jou USAF-inligting te kry.

11. Finansiële advies beskikbaar vir lede van 53 jaar en ouer

Ons herinner jou aan die finansiële adviesdiens wat USAF gratis aanbied vir lede van 53 en ouer, wat verskaf word deur 'n paneel van vyf voorkeurdienverskaffers. Lede wat aftrede oorweeg of individuele beleggingskeuses wil uitoefen, word aangemoedig om die adviesdiens te benut.

Die diensverskaffers is:

Alexander Forbes Finansiële Bepanningskonsultante:
+27 (0) 21 809 3750 / wesselsw@aforbis.co.za

Efficient Wealth:
+27 (0) 21 914 8030 / martin@efw.co.za

Finfocus:
+27 (0) 21 861 7000 / usafadvies@finfocus.co.za

Graviton:
+27 (0) 21 883 9192 / arissik@gravitonwm.com

Sanlam Finansiële Advies:
+27 83 375 1028 / hanlie.wethmar@sanlam.co.za

USAF sal vir twee konsultasies by een van die voorkeurdienverskaffers betaal. Die eerste konsultasie kan enige tyd vanaf ouderdom 53 gereël word, en die tweede een binne 12 maande voor jou aftrede. Dis maklik om hierdie diens te gebruik – volg net hierdie stappe:

1. Kies 'n diensverskaffer.
2. Kry 'n konsultasiekoepon by die MH Kliëntedienssentrum (+27 (0) 21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za).
3. Maak 'n afspraak met jou gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat jy die diens mag gebruik.

12. Die diensverskaffers van die Fonds

Die volgende diensverskaffers is deur die Raad van Trusteas aangestel om met die bestuur van die Fonds te help. Hul pligte word hieronder uiteengesit:

Diensverskaffer	Diens	Funksies wat verrig word
Simeka Konsultante & Aktuarisse	Voordeel- en aktuariële advies	<ul style="list-style-type: none">• Advies oor die Fonds se voordeelstruktuur en veranderings in wetgewing.• Hulp met kommunikasie aan lede.• Hulp met die nakoming van korporatiewe bestuurstoelig.• Opstel van 'n jaarlikse aktuariële waardasie om die finansiële gesondheid van die Fonds te bepaal.
Willis Towers Watson	Beleggingsadvies	<ul style="list-style-type: none">• Advies oor die Fonds se beleggingstrategie.• Hulp met die keuring en evaluering van beleggingsbestuurders.
Sanlam Aftreefonds Administrateurs	Fonds-administrasie	<ul style="list-style-type: none">• Maandelikse elektroniese vaslegging van bydraes.• Oorpasing en onttrekking van fondse na en vanaf die batebestuurders.• Betaling van eise.• Uitreiking van voordeelstate.• Daaglikse boekhouding en voorbereiding vir die opstel van die finansiële jaarstate.
ABSA Bank	Bankiers	<ul style="list-style-type: none">• Alle fondstransaksies vloei deur die Fonds se bankrekening.
Momentum	Versekeeraar	<ul style="list-style-type: none">• Versekering van die Sterftevoordeel (Gade- en Kinderdekking) soos omskryf in die Fondsreëls.
Sygnia Allan Gray Coronation Investec Sanlam Ou Mutual	Batebestuurders	<ul style="list-style-type: none">• Bestuur van die beleggings van die Fonds volgens die mandate waaroor met die Raad van Trusteas ooreengekom is.
Ernst & Young Geïnk.	Ouditeure	<ul style="list-style-type: none">• Uitvoer van eksterne oudits.

13. Belangrike kontakbesonderhede

As jy meer inligting oor USAF nodig het, kan jy met die Vergoeding- en Voordele-afdeling of die voordeelskonsultant in verbinding tree. Kontak asseblief die hoofbeampte indien jy enige klagtes oor USAF het.

Hoofbeampte

Japie Kotzé
Tel: +27 (0)21 808 2754
Faks: +27 (0)21 808 2484
Epos: jjsk@sun.ac.za

Voordeelskonsultant

Alfreda April
Tel: +27 (0)21 912 3316
Faks: +27 (0)21 912 3341
Epos: alfreda@simekaconsult.co.za

Vergoeding- en Voordele-afdeling

Peter Kirsten
Tel: +27 (0)21 808 3740
Faks: +27 (0)21 808 2484
Epos: pkirsten@sun.ac.za

Pensioenfondsbergter (PFB)

Epos: enquiries@pfa.org.za
Lede kan die PFB kontak indien hul klagtes nie bevredigend deur die Fonds hanteer is nie. Raadpleeg asseblief die PFB se webblad (www.pfa.org.za) vir meer besonderhede.